PNHS

# HOëRSKOOL PRETORIA-NOORD
# BEHEERLIGGAAM

Privaatsak X05
PRETORIA-NOORD
0116
administrasie@pnhs.co.za

H/v Berglaan en Eeufeesstraat
PRETORIA-NOORD
(012) 546-6590
(012) 546-9463

## KONSTITUSIE VAN PN-LEIERRAAD

**Inhoudsopgawe:**


| | |
|---|---|
| Konstitusie van die PN-Leierraad | Bl 1 |
| Aanhangsel A<br>Hoërskool Pretoria-Noord Gedragskode | Bl 11 |
| Aanhangsel B<br>Gedragskode PN-Leierraad | Bl 14 |
| Aanhangsel C<br>Erekode van 'n PN-Leierraadslid | Bl 19 |
| Vorm vir Nominasie deur Leerder | Bl 20 |
| Vorm vir Nominasie deur Opvoeder | |



UITVOERENDE KOMITEE: Mnr. S Samons ***(Voorsitter)***, Mnr.A Meyer ***(Onder-Voorsitter)***, Mnr. CJC Driescher ***(Skoolhoof)***, Mnr. L Scholtz ***(Tesourier)***, Mej. H Taljaard ***(Sekretaresse)***.

OUERLEDE: Mev. L Scholtz **(Dissipline)**, Mev. T Potgieter ***(Skakeling Akademies)*** , Mev M Booy **(Voorkoms en Simbole)**, Mnr W Slabbert **(Veiligheid en Sekerheid)**, Mev. E Potgieter ***(Leierskap)***, Mnr. F Knowles ***(Leerderprestasies)***

OPVOEDERLEDE: Mev. C Agenbag (Kultuur); Me. A Stoop ***(Voorraad & Toerusting)***, Me. Anneke Smith ***(Bemarking)***

NIE-OPVOEDERLEDE: Mnr. N Venter ***(Sport)***, *Mnr. F Venter* ***(Veiligheid en Sekerheid)***, Me. Zita de Lange ***(Noorderlig)***

LEERLINGLEDE: **UK-Lede**: Mej. Madelein Potgieter, Mej Zouine van Wyk en Mnr. Johann Muller

**Voorgestelde wysiging aan PNLeierraad Konstitusie**

(soos voorgelê en aanvaar deur Beheerliggaam op 18/8/2014)

**KLOUSULE 11.5**

11.5 Vakante pos
In die geval waar 'n PN-Leierraad pos vakant raak, word die pos gevul met die kandidaat wat tydens die verkiesing volgende op die lys was (dws die kandidaat met die meeste stemme, wat uitgeval het)

**VOORGESTELDE WYSIGING:**

11.5 Vakante pos
In die geval waar 'n PN-Leierraad pos vakant raak, sal 'n komitee saamgeroep word wat sal bestaan uit 2 voogde, 2 lede van die SBS, 2 lede van die hoofleierskomitee, 2 BL ouer-lede en die BL lid vir Leierskap wat ook as voorsitter sal optree. 'n Besluit of die pos gevul moet word of nie, sal geneem word deur middel van 'n geslote stembrief. Indien daar met 'n meerderheidstem besluit word dat die pos gevul moet word, word die pos gevul met die kandidaat wat tydens die verkiesing volgende op die lys was (dws die kandidaat met die meeste stemme, wat uitgeval het)

**KLOUSULE 12.4**

12.4 Vakante pos
12.4.1 In die geval waar die hoofleier se pos vakant raak, vul die onderhoofleier wat tydens die verkiesing die tweede meeste stemme op hom/haar verenig het, die pos.
12.4.2 In die geval waar 'n onderhoofleier se pos vakant raak, vul die kandidaat wat tydens die verkiesing die vierde meeste stemme op hom/haar verenig het, die pos.

**VOORGESTELDE WYSIGING:**

12.4 Vakante pos
12.4.1 In die geval waar 'n lid van die hoofleierskomitee se pos vakant raak, sal 'n Komitee saamgeroep word wat sal bestaan uit 2 voogde, 2 lede van die SBS, 2 lede van die hoofleierskomitee, 2 BL ouer-lede en die BL lid vir Leierskap wat ook as voorsitter sal optree. 'n Besluit of die pos gevul moet word of nie, sal geneem word deur middel van 'n geslote stembrief. Indien daar met 'n meerderheidstem besluit word dat die pos gevul moet word, sal dit as volg geskied:
12.4.2(a) In die geval waar die hoofleier se pos vakant raak, vul die onderhoofleier wat tydens die verkiesing die tweede meeste stemme op hom/haar verenig het, die pos.
12.4.2(b) In die geval waar 'n onderhoofleier se pos vakant raak, vul die kandidaat wat tydens die verkiesing die vierde meeste stemme op hom/haar verenig het, die pos.

## Voorgestelde wysiging aan PNLeierraad Konstitusie

(soos voorgelê en aanvaar deur Beheerliggaam op 27 Junie 2017)

Konstitusie verandering na BL Vergadering 27 Junie 2017

**Leierkonstitusie verandering 11.5 en 12.4 [a-b]**

**Die konstitusie het so gelees**

- In die geval waar `n PN-Leierraad pos vakant raak, sal `n komitee saamgeroep word wat sal bestaan uit 2 voogde, 2 lede van die SBS, 2 Lede van die hoofleierskomitee, 2 BL ouer-lede en die BL lid vir Leieskap wat ook as voorsitter sal optree.
- `n besluit of die pos gevul moet word of nie, sal geneem word deur middel van `n geslote stembrief, Indien daar met `n meerderheidstem besluit word dat die pos gevul moet word, word die pos gevul met die kandidaat wat tydens die verkiesing volgende op die lys was
- Dit wil sê: die kandiddaat met die meeste stemme wat uitgeval het

**Na hersiening wil ons graag hê dat hierdie paragraaf nou so moet lees:**

**11.5 PN-Leierraadpos**

- In die geval waar `n PN-Leierraadpos vakant raak, sal `n komitee saamgeroep word binne 5 werksdae nadat die pos vakant geraak het.
- Die komitee sal bestaan uit 2 voogde van die PN-Raad, die hoof van die skool, 1 SBS lid, die Voorsitter van die Beheerliggaam en 1 Beheerliggaam ouer, die Beheerliggaamslid vir Leierskap wat ook as voorsitter sal optree en die voorsitter van die Akademie vir Leierskap indien dit nie dieselfde persoon as die BL-lid vir Leierskap is nie.
- Hierdie komitee sal dan `n besluit neem of die vakante pos gevul sal word al dan nie, met in agneming van die feit dat dit sinvol sal wees om die pos te vul gegewe die oorblywende termyn en verpligtinge gekoppel aan die pos.
- 1 Junie sal in hierdie verband as afsnydatum gebruik word.
- `n Besluit of die pos gevul moet word of nie, sal geneem word deur middel van `n geslote stembrief. Indien daar met `n meerderheidstem besluit word dat die pos gevul moet word, word die pos gevul met die kandidaat wat tydens die verkiesing volgende op die lys was, mits hy/sy steeds voldoen aan die kwalifiseringsvereistes.
- Dit wil sê: die kwalifiserende kandidaat met die meeste stemme wat uitgeval het.

- Die beslissing van die komitee sal binne 14 dae nadat die pos vakant geraak het, bekend gemaak word.

**12.4 Hoofleier**

- In die geval waar `n Hoofleier se pos vakant raak, sal `n komitee saamgeroep word binne 5 werksdae wat sal bestaan uit die 2 voogde van die PN-Raad, die hoof van die skool, 1 SBS lid, die Voorsitter van die Beheerliggaam, 1 Beheerliggaam ouer, die Beheerliggaamslid vir Leierskap wat ook as voorsitter sal optree en die voorsitter van die Akademie vir Leierskap indien dit nie dieselfde persoon as die BL lid vir Leierksap is nie.
- Hierdie komitee sal dan `n besluit neem of die vakante pos gevul sal word al dan nie, met in agneming van die feit dat dit sinvol sal wees om die pos te vul gegewe die oorblywende termyn en verpligtinge gekoppel aan die pos.
- 1 Junie sal in hierdie verband as snydatum gebruik word.
- `n Besluit of die pos gevul moet word of nie, sal geneem word deur middel van `n geslote stembrief. Indien daar met `n meerderheidstem besluit word dat die pos gevul moet word, word die pos gevul met die kandidaat wat tydens die verkiesing volgende op die lys was, mits hy/sy steeds voldoen aan die kwalifiseringsvereistes.
- Dit wil sê: die kwalifiserende kandidaat met die meeste stemme wat uitgeval het.
- Die beslissing van die komitee sal binne 14 dae nadat die pos vakant geraak het, bekend gemaak word.

12.4.2 (a) In die geval waar die hoofleier se pos vakant raak, vul die onderhoofleier wat tydens die verkiesing die tweede meeste stemme op hom/haar verenig het, die pos.

12.4.2 (b) In die geval waar `n onderhoofleier se pos vakant raak, vul die kandidaat wat tydens die verkiesing die vierde meeste stemme op hom/haar verenig het, die pos.

# KONSTITUSIE

## van die PN-Leierraad van Hoërskool Pretoria-Noord

## (soos gewysig op BL Vergaderings van 27/06/2017)

### Inleiding

Ten einde 'n leierraad van die skool te vestig, word die PN-Leierraad as 'n komitee van die Beheerliggaam op die been gebring met 'n verkose Beheerliggaam-lid wat as voorsitter sal dien (SA Skolewet 84 van 1996 [aa 30.1 (b)]).

### 1. Definisie

Vir die doel van hierdie dokument sal die volgende definisies van toepassing wees:

1.1. "Die Skool" sal beteken die Hoërskool Pretoria-Noord;

1.2. "Die Hoof" sal beteken die Hoof van Hoërskool Pretoria-Noord op enige gegewe moment;

1.3. "Die Opvoeders" sal beteken die voltydse opvoeders by die Hoërskool Pretoria-Noord insluitend die dissiplinêre offisier, die jeugwerker en die sportkoördineerder.

1.4. "Die Leerders" sal beteken alle amptelik ingeskrewe leerders by Hoërskool Pretoria-Noord.

1.5. "Die Skoolbeheerliggaam" (BL) sal beteken die amptelik verkose Skoolbeheerliggaam op enige gegewe moment.

1.6. "Die Voorsitter van die PN-Leierraad" sal beteken 'n amptelik verkose lid van die Skoolbeheerliggaam.

1.7. "Die Hoofleierskomitee" sal beteken die hoofseun, hoofdogter, en twee onderhoofseuns en twee onderhoofdogters.

1.8. "Die Voogde" sal beteken die lede van die opvoederpersoneel van die Hoërskool Pretoria-Noord wat die spesifieke opdrag het om die PN-Leierraad te bestuur en te ondersteun.

1.9. "Die Verkiesingsbeampte" sal beteken die voogde van die PN-Leierraad.

1.10. "Die Skool Bestuurspan" (SBS) sal beteken ai die lede wat amptelik op die SBS dien op enige gegewe moment.

## 2. Naam

2.1 Die naam waarvolgens die Leierraad bekend sal staan, sal wees die PN-Leierraad.

2.2 Die naam waarvolgens die Uitvoerende Komitee van die PN-Leierraad bekend sal staan, sal wees die Hoofleierskomitee.

## 3. Inligting

Die PN-Leierraad sal gesetel wees by die volgende adres:
Hoërskool Pretoria-Noord
Hoek van Berglaan en Eeufeesstraat
Pretoria-Noord
Tel: 0125466590

## 4. Samestelling van die PN-Leierraad:

Die PN-Leierraad sal bestaan uit 'n liggaam van leerders wat verkies word op die manier soos in hierdie dokument beskrywe.

## 5. Doel van die PN-leierraad

Om die Opvoederlede van die skool te ondersteun in die effektiewe funksionering van die skool.

## 6. Funksies van die PN-Leierraad

Die funksies van die PN-Leierraad sal die volgende insluit:

6.1. die bevordering van uitnemendheid op akademiese, kulturele en sportgebied by die skool

6.2. die ondersteuning van die opvoeders en ander personeel by die skool in die uitvoering van hulle pligte soos vereis

6.3. die toepassing van die gedragskode op die wyse wat vereis word

6.4. om hulp te verleen met die organisasie van verskeie skoolverwante gebeure

6.5. om hulp te verleen met die organisasie van amptelike fondsinsamelings geleenthede

6.6. om 'n eenheidsgevoel onder die leerders te vestig

6.7. om die behoeftes van die leerders aan te spreek

**7. Spesifieke funksies van die hoofleiers**

7.1 om die skool te verteenwoordig by formele geleenthede
7.2 om die skool te verteenwoordig as ambassadeurs wanneer nodig
7.3 om die skool te dien in enige ander kapasiteit soos vereis deur die Opvoeders van die skool.

**8. Vergaderings van die PN-Leierraad**

8.1 Die PN-Leierraad vergader ten minste twee keer per kwartaal of op enige ander tyd wanneer omstandighede dit mag vereis.
8.2 'n lid van die BL sal optree as die voorsitter by sodanige vergadering.
8.3 die sekretaresse sal die notule hou. In die geval waar die sekretaresse nie beskikbaar is nie, sal 'n sekretaresse aangewys word deur die voorsitter/ voogde vir die duur van die vergadering.
8.4 Die notule sal by die volgende vergadering voorgelê word vir goedkeuring. Met die goedkeuring van sodanige notule sal dit beskou word as 'n akkurate weergawe van die verloop van die vergadering.

**9. Dienstermyn van die lede van die PN-Leierraad**

9.1. Die PN-Leierraad mag diens doen vir 'n periode van nie meer as een jaar nie, tensy weer nuut verkies tot die amp.
9.2. Die PN-Leierraad sal verkies word gedurende Augustus van elke jaar.

**10. Samestelling van die PN-Leierraad**

10.1. Die PN-Leierraad sal bestaan uit ingeskrewe graad 10, graad 11 en graad 12 leerders van die skool.
10.2. Die PN-Leierraad sal bestaan uit nie minder nie as 30 en verkieslik nie meer as 40 leerders, waarvan die spesifieke getal jaarliks vasgestel sal word op 'n vergadering soos omskryf in klousule 11.2 van hierdie konstitusie.
10.3. Die ratio tussen Graad 10 en 11- leerders sowel as tussen manlike en vroulike lede sal ook vasgestel word op bg vergadering (klousule 11.2).
10.4. Indien 'n leerder wat na ons skool toe oorkom, verkies was as leier in graad 11 of 12 by sy vorige skool, kan die leerder ingesluit word by die PN-Leierraad na oorweging deur die SBS.

11. **Die verkiesingsproses van die PN-Leierraad**
Die verkiesing van die PN-Leierraad sal op die volgende wyse bestuur word:

11.1. **Nominasieproses**

Die graad 10 en 11- leerders en opvoeders van die skool mag leerders nomineer vir sodanige posisie deur skriftelike, getekende nominasies wat gesekondeer en geteken moet word deur 'n tweede leerder of opvoeder. Waar 'n kandidaat deur 'n opvoeder genomineer is, moet die genomineerde die voltooide nominasievorm in die teenwoordigheid van enige opvoeder teken as bewys dat hy/sy die nominasie aanvaar. Waar 'n kandidaat deur 'n medeleerder genomineer is, moet die genomineerde in die teenwoordigheid van sy/haar voogonderwyser/ 'n opvoeder die voltooide nominasie vorm teken as bewys dat hy/sy die nominasie aanvaar. Die voogonderwyser/opvoeder moet ook die vorm onderteken as bewys dat die genomineerde se handtekening eg is. Die voogonderwyser of opvoeder dien dan die nominasievorms in by die verkiesingsbeamptes. Hierdie hele proses moet geskied binne die gespesifiseerde tydperk soos bepaal deur die verkiesingsbeampte. Die bg tydperk sal bekendgemaak word aan die leerders en opvoeders en in voogklasse van graad 10 en 11 sowel as in die personeelkamer vertoon word. Slegs nominasievorms wat aan bostaande vereistes voldoen, sal aanvaar mag word.

11.2. **Vasstelling van die kandidatelys**

Die Opvoeders van die skool sal 'n vergadering belê na die nominasieproses afgehandel is en voor die verkiesing van die PN Leierraad. By hierdie vergadering sal die kworum aanvaar word as 75% van die Opvoederlede. Aan die einde van hierdie vergadering sal 'n finale kandidatelys aan die verkiesingsbeampte beskikbaar gestel word.

Die doel van hierdie vergadering is:

11.2.1. Om die ratio's te bepaal tussen graad 10 en graad 11- lede van die PN-Leierraad

11.2.2. Om die ratio te bepaal tussen manlike en vroulike lede van die PN-Leierraad

11.2.3. Om die totale getal lede van die PN-Leierraad te bepaal.

11.2.4. Om die reg tot veto uit te oefen t.o.v. die nominasie van enige kandidaat vir die PN-Leierraad.

11.2.4.a) 'n Veto moet uitgeoefen word indien sodanige genomineerder vantevore verkies was tot lid van die PN-Leierraad en, na afhandeling van sodanige dissiplinêre proses, permanent as lid van die PN-Leierraad verwyder is.

11.2.4.b) 'n Veto moet uitgeoefen word indien sodanige genomineerde se akademiese prestasie minder as 50% gemiddeld is, welke gemiddeld bereken word vanuit die 1ste en 2de kwartaal se rapportpunte van betrokke jaar.

11.2.4.c) 'n Veto mag uitgeoefen word indien sodanige genomineerde voorheen skuldig bevind is deur 'n betrokke Dissiplinêre Paneel, van die skool aan 'n Skedule 1 of 2 oortreding met betrekking tot die Algemene Kennisgewing 6903 van 2000 (PG 144 van 4 Oktober 2000) soos aangepas in Algemene Kennisgewing 2591 van 2001 (PG 72 van 9 Mei 2001).

11.2.4.d) 'n Veto ten opsigte van paragraaf 11.2.4 c) moet uitgeoefen word as die meerderheid van die akademiese onderwysers, wat die vergadering vir doeleindes hiervan vorm, stem ten gunste van sodanige veto.

11.2.4.e) In die geval waar die vetoreg na verwys in paragraaf 11.2.4 a) tot c) hierbo, deur die vergadering na verwys in paragraaf 11.2.4 d) uitgeoefen is, ten opsigte van 'n kandidaat, deur die onderwysers van die skool kan daar appél aangeteken word by die voorsitter van die Beheerliggaam, slegs indien daar op beweerdelik foutiewe feite gehandel is en daarop 'n vetoreg uitgeoefen is, binne 2 werksdae nadat die kandidatelys bekend gemaak is. Slegs 'n persoon met 'n direkte belang by die uitslag, naamlik die genomineerde, sy/haar ouers of voogde, of lede van die BL kan appél aanteken. Die beslissing van die voorsitter van die BL moet binne 5 werksdae skriftelik aan die appellante bekend gemaak word. Die uitslag word as finaal beskou.

11.3. **Stemprosedure**

11.3.1. Elke Leerder in gr. 10 en 11 en elke Opvoeder sal geregtig wees om te stem tydens die verkiesing van die leierraad en sal een stem hé tov elke kandidaat met 'n maksimum stemme gelykstaande aan die getal en ratio van die kandidate wat verkies moet word (soos bepaal in klousule 11.2.1 en 11.2.2 en 11.2.3).

11.3.2. Die stemproses sal geskied d.m.v geslote stembrief

11.3.3. Die Gr 10 en 11 leerders se stemme sal 50% tel en die opvoeders se stemme sal 50% tel van die totale stemme.

11.4. **Telling van stemme**

11.4.1. Die SBS, voogde van die VLR en PN-Leierraad en minstens een ouerverteenwoordiger van die BL sal die stemme tel.

11.4.2. In die geval van 'n staking van stemme sal die finale besluit by die SBS berus, wat ook mag insluit die mag om die getal lede uit te brei.

11.5 **Vakante pos**

In die geval waar `n PN-Leierraadpos vakant raak, sal `n komitee saamgeroep word binne 5 werksdae nadat die pos vakant geraak het.

Die komitee sal bestaan uit 2 voogde van die PN-Raad, die hoof van die skool, 1 SBS lid, die Voorsitter van die Beheerliggaam en 1 Beheerliggaam ouer, die Beheerliggaamslid vir Leierskap wat ook as voorsitter sal optree en die voorsitter van die Akademie vir Leierskap indien dit nie dieselfde persoon as die BL-lid vir Leierskap is nie.

Hierdie komitee sal dan `n besluit neem of die vakante pos gevul sal word al dan nie, met in agneming van die feit dat dit sinvol sal wees om die pos te vul gegewe die oorblywende termyn en verpligtinge gekoppel aan die pos.

1 Junie sal in hierdie verband as afsnydatum gebruik word.

`n Besluit of die pos gevul moet word of nie, sal geneem word deur middel van `n geslote stembrief. Indien daar met `n meerderheidstem besluit word dat die pos gevul moet word, word die pos gevul met die kandidaat wat tydens die verkiesing volgende op die lys was, mits hy/sy steeds voldoen aan die kwalifiseringsvereistes.

Dit wil sê: die kwalifiserende kandidaat met die meeste stemme wat uitgeval het.
Die beslissing van die komitee sal binne 14 dae nadat die pos vakant geraak het, bekend gemaak word.

12. **Verkiesing van die Hoofleierskomitee**

12.1 Samestelling van die hoofleierskomitee

Na die verkiesing van die PN-Leierraad, word 'n hoofleierskomitee verkies. Die hoofleierskomitee sal bestaan uit 'n hoofseun en 'n hoofdogter. Daar sal ook twee onderhoofdogters en twee onderhoofseuns verkies word uit wie se geledere verteenwoordigers vir sport, kultuur, akademie en skakeling aangewys sal word deur die voogde. Uit hierdie onderhoofleiers sal ook die poste van sekretaris/esse en tesourier/e deur die voogde aangewys word.

12.2 **Stemprosedure**

12.2.1 Geen addisionele nominasieproses sal plaasvind om die hoofleiers te bepaal nie en dit sal aangeneem word dat 'n Graad 11 leerder wat verkies word tot die PN-Leierraad outomaties genomineer is en verkiesbaar is vir verkiesing tot enige van die beskikbare posisies as 'n hoofleier soos in hierdie dokument gedefinieer.

12.2.2 Elke verkose PN-leierraadlid sowel as elke opvoeder sal geregtig wees om te stem vir die hoofleierskomitee. Elke stemgeregtigde sal slegs een stem mag uitbring vir onderskeidelik een hoofseun en een hoofdogter. Elke stemgeregtigde sal ook twee stemme mag uitbring vir onderskeidelik twee onderhoofseuns en twee onderhoofdogters.

12.2.3 Elke stem uitgebring ten gunste van 'n hoofleier se telwaarde is 2 en elke stem uitgebring ten gunste van 'n onderhoofleier se telwaarde is 1.

12.2.4 Die verkose leierraad se stemme tel 50% en die opvoeders se stemme tel 50% van die totale stemme vir die hoofleierskomitee.

12.2.5 Die Hoofseun en Hoofdogter sal aangewys word op grond van die meeste stemme verwerf. Die twee onderhoofseuns en twee onderhoofdogters sal aangewys word op grond van die hoeveelheid stemme daaropvolgend verwerf.

12.3 **Telling van stemme**

12.3.1 Die voogde van die PN-Leierraad en minstens een BL ouerlid sal die stemme tel.

12.3.2 Indien 'n staking van stemme sou plaasvind, sal die beslissende stem deur die SBS uitgebring word.

12.4 **Vakante pos**

12.4.1 In die geval waar 'n Hoofleier se pos vakant raak, sal 'n komitee saamgeroep word binne 5 werksdae wat sal bestaan uit die 2 voogde van die PN-Raad, die hoof van die skool, 1 SBS lid, die Voorsitter van die Beheerliggaam, 1 Beheerliggaam ouer, die Beheerliggaamslid vir Leierskap wat ook as voorsitter sal optree en die voorsitter van die Akademie vir Leierskap indien dit nie dieselfde persoon as die BL lid vir Leierksap is nie.

Hierdie komitee sal dan 'n besluit neem of die vakante pos gevul sal word al dan nie, met in agneming van die feit dat dit sinvol sal wees om die pos te vul gegewe die oorblywende termyn en verpligtinge gekoppel aan die pos.

1 Junie sal in hierdie verband as snydatum gebruik word.

`n Besluit of die pos gevul moet word of nie, sal geneem word deur middel van `n geslote stembrief. Indien daar met `n meerderheidstem besluit word dat die pos gevul moet word, word die pos gevul met die kandidaat wat tydens die verkiesing volgende op die lys was, mits hy/sy steeds voldoen aan die kwalifiseringsvereistes.
Dit wil sê: die kwalifiserende kandidaat met die meeste stemme wat uitgeval het.
Die beslissing van die komitee sal binne 14 dae nadat die pos vakant geraak het, bekend gemaak word.

12.4.2 (a) In die geval waar die hoofleier se pos vakant raak, vul die onderhoofleier wat tydens die verkiesing die tweede meeste stemme op hom/haar verenig het, die pos.

12.4.2 (b) In die geval waar `n onderhoofleier se pos vakant raak, vul die kandidaat wat tydens die verkiesing die vierde meeste stemme op hom/haar verenig het, die pos.

## 13 Aanvaarding van diens

13.1 Verkose lede van die PN-Leierraad kan slegs diens aanvaar en dus die amp beklee indien hulle die erekode en die gedragskode van die PN-Leierraad onderteken het as bewys dat hulle dit onderskryf.

13.2 Vanaf die datum waarop die nuutverkose lede van die PN-Leierraad diens aanvaar, sal die uittredende lede wat vir die voorafgaande jaar verkies is en diens gedoen het, hulle uitvoerende magte oordra aan die nuwe lede en hulle posisies ontruim tot voordeel van die nuwe lede.

## 14 Insae

14.1 Enige persoon met 'n direkte belang by die verkiesingsuitslae sal by magte wees om aansoek te doen om volle insae te hé in die proses van die verkiesing soos beskryf in hierdie dokument.

14.2 Vir die doeleindes van hierdie dokument sal persone met 'n direkte belang by die prosedure gedefinieer en beperk wees tot die genomineerdes, hulle ouers of voogde en die lede van die BL

15. **Dissipline**

15.1 Die lede van die PN-Leierraad sal die bepalings van die gedragskode van die skool, die gedragskode van die PN-Leierraad asook die erekode van die PN-Leierraad nakom. (hierby aangeheg as Aanhangsel A, B en C)

15.2 Die Hoof van die Skool of enige persoon deur hom afgevaardig, het die reg om die optrede en houding van enige lid wat teenstrydig optree met die doelstellings van die PN-Leierraad, of enige ander prosesse soos in hierdie konstitusie uiteengesit, of in die reëls, gedragskode of erekode van die PN-Leierraad, te ondersoek.

15.3 In die geval waar die prima facie getuienis aandui dat so 'n lid duidelik teenstrydig met die doel en doelstellings van die PN-Leierraad opgetree het, en/of nie gehou het by enige prosesse of reëls soos uiteengesit in hierdie Konstitusie, of sy/haar gedrag tot nadeel van goeie orde en dissipline van die skool is, sodanige lid skriftelik mag kennis kry om voor die Dissiplinêre Komitee van die BL van die Skool te verskyn.

15.4 Sou 'n lid op enige manier skuldig bevind word aan ‘n oortreding, mag sodanige lid deur die Dissiplinêre Komitee van die BL van die Skool gestraf word deur:

15.4.1 sodanige lid te skors as lid van die PN-Leierraad vir ‘n seker periode.
15.4.2 sodanige lid permanent te skors van die PN-Leierraad.
15.4.3 sodanige lid op ‘n alternatiewe en gepaste wyse te hanteer binne die raamwerk van die Skoolreëls en Dissiplinêre Kode.

15.5 ‘n Lid mag permanent geskors word van die PN-Leierraad na inagneming van al die feite en prosesse en indien die Dissiplinêre Komitee van opinie is dat - en na vooraf oorweging van alle waarskynlikhede - die spesifieke lid teenstrydig met die doel en doelstellings van die PN-Leierraad opgetree het en dat sodanige oortreding ernstig genoeg is om permanente afsetting van die PN-Leierraad tot gevolg te hé.
Vir die doel hiervan, sal 'n oortreding van Skedule 1 en/of 2 in terme van die Algemene Kennisgewing 6903 van 2000 (PG 144 van 4 Oktober 2000) soos aangepas deur Algemene Kennisgewing 2591 of 2001 (PG 72 van 9 Mei 2001) gereken word as ernstig genoeg vir gronde vir die permanente afsetting van ‘n lid van die PN-Leierraad .

15.6 'n Lid moet van sy amp onthef word as hy/sy tydens sy/haar ampstermyn die graad druip en nie bevorder word tot die volgende graad nie.

15.7 Die prosesse deur die Dissiplinêre Komitee, soos vervat in die Dissiplinêre Kode, sal ten alle tye gevolg word wat insluit die reg tot appél na die BL

16 **Aanvaarding van die Konstitusie**

16.1 Hierdie konstitusie sal as geldig en wettig beskou word en toegepas word indien aanvaar word deur 'n twee derde meerderheid gedurende 'n algemene vergadering van die BL van die Skool.

16.2 Hierdie konstitusie sal as geldig en van krag beskou word vanaf die ondertekening daarvan.

17 **Wysiging van die Konstitusie**

17.1 'n Besluit om hierdie Konstitusie te wysig sal 'n twee derde meerderheid van die totale ledetal van die BL van die Skool vereis.

17.2 As te min lede van die BL teenwoordig is by bogenoemde vergadering, sal 'n volgende vergadering belê word ten minste een week na die eerste vergadering.

17.3 As twee derdes van die lede van die BL nie teenwoordig is by die tweede vergadering nie, mag die voorgestelde veranderings aangebring word deur twee derdes van die lede teenwoordig.

Geteken te Pretoria op hierdie 24 dag van Julie 2017.

**Voorsitter**
**Skool Beheerliggaam**

**Hoof**
**Hoërskool Pretoria-Noord**

# AANHANGSEL A

## Hoërskool Pretoria-Noord

## Gedragskode soos aanvaar deur die VLR

## op 11 April 2012

**INLEIDING**

Daar word van leerders verwag om trotse leerders te wees wat Christelike beginsels onderskryf en handhaaf. Leerders moet te alle tye respek toon vir alle kulture en tale in ons land en die eie taal en kultuur hoog ag en uitbou. Alle leerders moet gemotiveerd wees vir hulle taak.

**1 DIE VEILIGHEID VAN DIE SKOOL EN SY EIENDOM**

1.1 Die leerders en opvoeders van Hoërskool Pretoria-Noord distansieer hulleself van enige vorm van geweld, vandalisme en ander onaanvaarbare gedrag.

1.2 Alle leerders, opvoeders en die ouers is onder die verpligting om die eiendom van die skool op te pas. Enige skade-/ verdagte skademakers moet aan toesighoudende personeel, PN-Leierraad en VLR-voogde of die adjunk-hoof of die hoof of sy verteenwoordiger gerapporteer word.

1.3 Misbruik en beskadiging van skooleiendom word nie aanvaar nie, en sal as 'n oortreding beskou word. Persone wat met bg. in verband gebring kan word kan selfs wetlike stappe (vervolging) verwag.

1.4 Skooleiendom mag nie van die skoolterrein verwyder word sonder die toestemming van die Beheerliggaam of sy verteenwoordiger nie.

1.5 Die skoolterrein en klasse moet netjies gehou word, en dit is die verantwoordelikheid van alle leerders en opvoeders.

1.6 Alle persone wat gebruik wil maak van die skoolterrein moet toestemming verkry vanaf die hoof of sy verteenwoordiger.

**2 AKADEMIESE INGESTELDHEID**

2.1 Die skep van 'n kultuur van leer is 'n eerste prioriteit

2.2 Alle leerders en opvoeders moet hulle skoolwerk pligsgetrou en toegewyd benader om gehalte onderrig te verseker.

2.3 Indien enige verpligte huiswerk, klaswerk, toetse en/of akademiese taak nie verrig word nie, is dit strafbaar volgens die dissiplinêre stelsel.

2.4 Indien die gedrag van leerders of opvoeders die leerproses ontwrig, is dit strafbaar volgens die dissiplinêre stelsel.

2.5 Die steel en/of verwoesting van boeke en leermateriaal is strafbaar volgens die dissiplinêre stelsel van die skool.

## 3 RESPEK EN HOUDING/GEDRAG IN DIE SKOOLOMGEWING

3.1 Enige persoon wat

- leerders of opvoeders intimideer
- dwelms, alkohol, ens. na die skool bring of gebruik
- wapens of enige ander instrumente wat die skool se leerders of opvoeders in gevaar kan stel na die skool bring
- sonder respek optree, d.w.s. op 'n onaanvaarbare manier handel
- die persoonlike eiendom van 'n ander steel of beskadig

sal hanteer word volgens die dissiplinêre stelsel.

3.2 Geen aggressiewe gedrag sal aanvaar of geduld word nie.

3.3 Gedrag by uitstappies/sportgeleenthede:

3.3.1 Daar word van leerders verwag om 'n positiewe gesindheid te openbaar en onberispelik op te tree. Geen vuil taal of wangedrag sal geduld word nie.

3.3.2 Goeie sportmangees moet te alle tye geopenbaar word. Die skeidsregters/beoordelaars se beslissing is finaal en moet gerespekteer word.

3.3.3 Die regte uniform/sportdrag moet gedra word.

3.3.4 'n Positiewe gesindheid en gees teenoor mededingers moet gehandhaaf word.

## 4 STIPTELIKHEID

4.1 Daar word te alle tye van die leerders en opvoeders verwag om betyds by die skool en by klasse aan te kom.

4.2 Laatkom is nie aanvaarbaar nie, ook nie tydens klaswisseling nie en sal hanteer word volgens die dissiplinêre stelsel van die skool as 'n oortreding m.b.t. die gedragskode van die skool. Verskonings sal by uitsondering aanvaar word. Herhaalde laatkommery sal lei tot dissiplinêre optrede.

4.3 Leerders is verplig om die skool vir die volle akademiese dag by te woon. Verlof kan op grond van goeie motivering toegestaan word aan 'n leerder wat die skool vroeër/later moet verlaat. Verlof moet op die voorgeskrewe wyse verkry word.

4.4 Stiptelikheid word verwag vir uitstappies, sportbyeenkomste, oefeninge, optredes ens.

## 5 HANDHAWING VAN DISSIPLINE

Alle oortredings m.b.t. binne- of buite kurrikulêre aangeleenthede sal hanteer word volgens die dissiplinêre stelsel en die gedragskode.

## SLOTSOM

Die standaarde soos neergelê in die gedragskode, moet staande bly en uitgevoer word, Dissipline en die wil om te leer, is die sleutelfaktore om ons vermoëns te ontsluit om uitdagings — vandag en in die toekoms — aan te pak, en om ons land te transformeer na 'n land van vrede en geleenthede vir almal.

## AANHANGSEL B

## GEDRAGSKODE / CODE OF CONDUCT:

### PN-Leierraad / PN-Leadercouncil

'n Lid van die Raad aanvaar onvoorwaardelik die pligte en verantwoordelikhede wat aan hierdie taak gekoppel word.

***All members accept the tasks and responsibilities related to this position unconditionally.***

**Lede/ Members:**

- Tree op as ambassadeurs vir die skool d.m.v voorkoms, gedrag en taal
  *Act as ambassadors of the school by means of appearance, behaviour and language.*

- Is te alle tye lojaal teenoor die skool en bereid om die skool se beeld te bevorder
  *Are loyal towards the school and prepared to promote the name and image of the school.*

- Help om tradisies te bewaar en nuwe tradisies te skep
  *Help to keep up old traditions and to create new traditions*

- Neem deel aan alle aktiwiteite wat die skool aanbied en oefen 'n positiewe invloed uit d.m.v. die manier van deelname.
  *Take part in all activities of the school and exert a positive influence on all others by displaying a positive attitude*

- Voer alle pligte ten beste uit, sonder om te mor. Doen meer as wat van jou verwag word. Skram nie weg en hoop iemand anders sal dit doen nie.
  *Carry out all duties to the best of their ability, without complaining. Do more than what is expected of members. Do not delay or evade duties.*

- Verteenwoordig leerders sonder negatiwiteit; openbaar 'n positiewe gesindheid
  *Represent /earners without negativity; display a positive attitude*

- Onderwerp aan gesag
  *Submit to authority*

- Is bereid om myself aan dissipline te onderwerp
  *Are disciplined in themselves*

- Streef daarna om te leef volgens Christelike norme en waardes
  *Strive to live according to Christian principles and values.*

- Behandel almal met respek sonder inagneming van ras, kleur of geloof en is regverdig, vriendelik en nederig.
  *Treat every person with respect regardless of race, colour or creed and are just, friendly and humble.*

- Aanvaar dat getroue skoolbesoek deel is van die uitvoering van my pligte en noodsaaklik is vir die effektiewe bestuur van die skool.
  *Accept that regular school attendance is a prerequisite for effective management and for carrying out duties in an effective manner.*

**KRITERIA EN PROSEDURES VIR ONTSLAG /**
**CRITERIA AND PROCEDURES FOR SUSPENSION**

- KRITERIA VIR ONAANVAARBARE GEDRAG / CRITERIA FOR UNACCEPTABLE BEHAVIOUR

Enige gedrag wat die skool se goeie naam sou benadeel .*Any behaviour that would be harmful to the good reputation of the school.*

Onwelvoeglike gedrag
*Indecent / improper / uncouth behaviour*

Onder die invloed van drank of dwelms of verslawende middele wees of in besit daarvan wees
*Being under the influence of / in possession of alcoholic substances / drugs/ other harmful/ addictive substances*

Oneerlikheid bv vervalsing van handtekeninge; afskryf in toetse; leuens, diefstal
*Dishonesty, for example the forging of signatures; copying during tests; lying; theft.*

Ontwrigting van akademiese onderrig/ openinge d.m.v. parmantigheid; ongedissiplineerde optrede
*Disruptive behaviour in class/ at assembly by for e.g. impertinence; undisciplined behaviour*

Algemene ongehoorsaamheid of oneerbiedigheid en benadeling van die algemene dissipline van die skool, bv laatkom; voorkomsoortredings
*General disobedience or disrespect and disrupting of discipline by unpunctuality; transgressions of appearance rules*

Stokkiesdraai en/ periode ontduiking
*Playing truant or slipping periods*

Opstokery; intimidasie; bakleierigheid; vloekery
*Instigation; intimidation; belligerence; swearing*

Vandalisme; stelery; geweld; rassisme
*Vandalism; stealing; violence; racism*

Rook binne of buite skoolterrein in skooldrag op openbare plek in privaatdrag
*Smoking in or at the schoo/grounds in school uniform/ in a public place in private clothes*

Rooktoeskouer
*Bystander when smoking occurs*

Onbetroubaarheid
*Unreliability*

Bewese rekord van herhaalde huiswerkversuime by verskeie onderwysers
*Proven record of homework remissnesses at different teachers*

In besit van en/ gebruik van onwelvoeglike leesstof op skoolterrein /openbaar
*Possession of or perusal of indecent literature / reading matter on schoolgrounds or in public*

Seksuele teistering; immoraliteit; obsene gedrag
*Sexual harrassment; immorality; obsene behaviour*

Enige Vlak 3 oortredings (vig. Diskresie van SBS)
*Any level 3 misconduct (Discretion of SMT)*

Pligte word nie na behore uitgevoer nie
*Duties not carried out properly*

Rook- 1ste keer: tydelik geskors. 2de keer: permanent / *Smoking- First time: temporary suspension; second time: permanent.*

- PROSEDURES VIR ONTSLAG / PROCEDURES FOR SUSPENSION

1 Enige persoon binne of buite die skool mag 'n klag teen 'n lid lê aangaande oortredings en pligsversuim.
*Any person within the school or from outside the school may report a member for misconduct or evasion of duties.*

2 Die voogde doen 'n voorlopige ondersoek.
*Guardians carry out a preliminary investigation.*

3 Indien die graad van oortreding slegs 'n waarskuwing regverdig, handel die voogde en/of die Hoofleierskomitee van die PN-Leierraad die saak af. Die waarskuwing word teenoor die naam van die lid aangeteken en sal in aanmerking geneem word by 'n volgende soortgelyke oortreding. Indien die graad van die oortreding verg dat 'n swaarder straf opgelê word, word dit vir verdere ondersoek na die hoof en/of dissiplinêre komitee van die BL verwys.
*Should the degree of the remissnesss/ transgression warrant merely a warning, the guardians and/or Headleaderscomitee of the PN-Leadercouncil will deal with the matter in full. The warning will be recorded against the name of the member and will be taken into account at a further similar transgression/ remissness Should the degree of the transgresslon/ remissness warrant o heavier penalty, the matter will be referred to the principal and /or disciplinary committee of the SGB for further investigation and action.*

4 Ernstige pligsversuim: Die lid ontvang 'n finale waarskuwing. Moet self versoek (skriftelik) om 'n verdere kans te kry. Moet ook onderneem om te verbeter. Word kans gegee vir TWEE weke. Indien nie bevredigende verbetering, ontslag. Indien 'n soortgelyke oortreding weer in sy/haar dienstydperk voorkom, word hy/sy summier ontslaan.
*Serious remissness: The member receives a final warning and has to request (in writing) to be given a further opportunity and will undertake to improve upon previous behaviour. Two weeks are granted for improvement. If not sufficient improvement, then duties will be terminated. If a similar transgression takes place within his/her period of duty, he' she will immediately be suspended.*

5 Lid se naam, aard van die oortreding en straf sal aan die skool bekend gemaak word om te verhoed dat leerders dink dat lede verhewe is bo dissipline.
*Member's name, nature of the transgression and penalty will be announced to the school to prevent the learners from thinking that members get preferential treatment.*

6 Lid se ouers word op hoogte gehou van die handelinge. Indien die erns van die die saak dit vereis, sal die ouers ook ingeroep word om die saak met hulle te bespreek.
*Member's parents/guardians will be kept informed about actions taken. Should the transgression be of a serious nature, the parents will be called in to discuss the matter.*

7 Die persoon wat se stemtotaal net minder is as die laaste lid op die lys, sal outomaties die plek van die afgesette lid inneem. *The person who has the next highest total on the ballot lists will be appointed in the vacancy.*

## AANHANGSEL C

## EREKODE VAN 'N PN-LEIERRAADSLID

Hiermee verklaar ek
dat ek my benoeming as lid van die PN-Leierraad onvoorwaardelik aanvaar en dat ek die pligte en verantwoordelikhede wat aan hierdie taak gekoppel is, sal uitvoer met die bede: ek wil God se volmaakte wil in my lewe laat seëvier. Ek glo dat God die hoogste gesag is en dat alle ander gesag deur Horn daar gestel is.
Ek verklaar ook dat ek te alle tye my lewe volgens Christelike beginsels sal inrig en tot eer van God sal leef en dat ek met opregte geloof, liefde en dankbaarheid teenoor God as Skepper en Onderhouer van alies wat mooi en goed is, my lewe in diens van my medemens sal stel.
Ek onderneem om die bepalings van die gedragskode van die skool na te kom
* om lojaal te wees aan my land, volk en skool.
* om my eie taal, kultuur en tradisies hoog te ag en te bewaar.
As lid van die PN-Leierraad sal ek daarna strewe
* om, waar ek my ookal bevind, my persoonlike optrede (hetsy voorkoms, gedrag of taal) onberispelik te hou sodat ek
hierdie posisie waardig mag wees.
* om regverdig, billik, blymoedig, minsaam en vriendelik teenoor almal te wees.
* om deur my antwoord op my benoeming as lid van die PN-Leierraad, 'n heilsame invloed uit te oefen op ander.
* om lojaal te wees teenoor my skool, medeleerlinge, mede-raadslede en die personeel sodat
die goeie naam en gees van my skool nie deur my toedoen geskaad sal word nie.
* om getrou te wees aan my opdrag en om te help met die uitbou van die beeld en bestendiging van tradisies van my
skool.
* Ek glo dat die grootte van 'n leier bepaal word deur die diepte van sy oortuiging, die hoogte van sy ambisie, die
breedte van sy visie en omvang van sy liefde.
* Ek glo in onselfsugtigheid as die hoogste vorm van diens!

## Nominasie deur Leerder

(skrap wat nie van toegassing is)

Hiermee nomineer ek, ________________________________, Gr _____/____ vir

_____________________________________, Gr_____ /_____ as kandidaat vir die PN-Leierraad.

_______________________

Handtekening Nominant

Hiermee sekondeer ek, ________________________________ , Gr_____ /____ bg voorstel.

_______________________

Handtekening Sekondant

Hiermee aanvaar ek, _________________________________ , die nominasie.

_______________________

Handtekening Genomineerde

Hiermee bevestig ek, __________________________________ , voogonderwyser/opvoeder dat bg genomineerde die nominasievorm in my teenwoordigheid geteken, en dus aanvaar het.

______________________________________

Handtekening Voogonderwyser/Opvoeder